

# KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



## 'n Mooi vertrek begin by die uitleg

**h**oeveel keer moet 'n mens nog met 'n natgelede vingerpunt deur tydskrifte blaai op soek na idees om 'n woonvertrek gemaklik leefbaar te maak?

Die vertrek in die tydskrif is nie noodwendig so groot soos joune nie en die deure en vensters is op verskillende plekke aangebring. Ook is dit dalk nie moontlik om alles presies so na te aap nie, want jy gaan dalk net van al jou bestaande meubels ontslae moet raak as jy presies dieselfde effek as dié van die tydskrifartikel wil na-aap! Tydskrifte help ons eintlik met die afronding van die vertrek, meer as met die uitleg daarvan. Ons kan wel kyk na die posisionering van meubels in tydskrifte en daaruit leer, maar tog is elke woonvertrek uniek en moet 'n mens dit so benader.

Elke kamer is anders en bied ander moontlikhede en wat werk in een kamer, gaan beslis nie noodwendig werk in 'n ander nie. Die geheim van binnenshuise versiering is om baie aandag te skenk aan die uitleg (struktuur) van die vertrek alvorens jy dit wil inkleur met detail. Dit is soos die inkleurprent van 'n kind – as die prentjie wat ingekleur word mooi is en die buitelyne duidelik is sodat 'n mens kan sien wat ingekleur moet word, is die inkleurwerk soveel makliker. Sonder goeie buitelyne gaan dit net 'n gemors afgee en verwarring skep. Maar hoe skep 'n mens die buitelyne van 'n vertrek?

'n Maklike manier om meubels rond te skuif, is om dit op papier te doen, eerder as om elke item van een area na 'n ander rond te dra, te verskuif en te draai tot die uiteindelijke staanplek gekry is. As die meubels oral binne 'n vertrek rondstaan is dit ook boonop moeilik om die finale uitleg te visualiseer. Met behulp van 'n plan kan ons 'n bo-aansig (asof jy uit die lug na die vertrek kyk) teken.

Teken jou vertrek op papier waar elke 1 m in realiteit voorgestel gaan word met 4 cm op papier. So sal 'n muur van byvoorbeeld 3,2 m oorgeteken word as 12,8 cm (die getal maal vier) en 'n venster van 50 cm sal as 2 cm op papier voorgestel word. Dui alle bestaande vensters, mure en deure ook op die vloerplan aan asook ander faktore (soos vlakke en trappe) wat die uitleg moontlik sal beïnvloed. Onthou, ons meet die vertrek horisontaal op en spits onself toe op die vloerarea wat dit in beslag sal neem (vergeet vir eers van die hoogtes).

Op 'n soortgelyke wyse kan die bestaande meubels en items wat in die vertrek geplaas moet word, op 'n tweede vel papier ook volgens dieselfde skaal oorgeteken word. Die plat "papier-meubels" se buitelyne kan met 'n dik pen geraam word sodat die kante mooi sigbaar sal wees, waarna ons elke item gaan uitknip. Om een meubelstuk van 'n ander te onderskei kan ons dit met verskillende kleure inkleur of selfs daarop skryf.

Skuif nou die papiermeubels rond op die vloerplan tot daar 'n mooi uitleg gevind kan word. Elke vertrek het gewoonlik een (en as jy

gelukkig is, dalk twee) goeie uitleg-opsies. Onthou om genoegsame spasie oop te los tussen die meubels om in realiteit daardeur te beweeg. 'n Ideale minimum van 'n deurwydte van ongeveer 1 m is 'n gemaklike wydte en onthou dat dit dan volgens ons skaal 4 cm op die plan moet wees.

As jy dit moeilik vind om 'n goeie uitleg te kry, kan dit moontlik weens een van die volgende oorsake wees:

Jy is te gewoond aan die normale posisionering van meubels soos dit tans is en staar jouself blind teen ander moontlikhede. Vra 'n buitestander wat nie te gewoond is aan die huidige uitleg nie om hulp te verleen. Moenie bang wees om te verander nie.

Daar is net te veel meubels om in die vertrek in te pas. Raak ontslae van sekere van die meubels of bou die vertrek groter. 'n Ander opsie sal wees om een vertrek met 'n ander te ruil, soos om die eetkamer in 'n sitkamer te verander en die eetkamer aan te bring waar die sitkamer eers was.

Die meubels is nie die regte grootte vir die vertrek nie en pas nie proporsioneel daarby nie. So kan die los mat te klein wees om dit onder die koffietafel te plaas en die sitbanke daarom te rangskik. Moontlik kan die probleem by die sitbankgrootte of by van die ander items se grootte lê. Vervang van jou papiermeubels met "nuwe" meubels en bepaal die grootte daarvan volgens skaal.

Soms beperk die argitektuur van die vertrek ons uitleg op so 'n wyse dat dit ons inhok en weerhou van 'n ideale uitleg. Die ideaal is om 'n huis te ontwerp met die finale binnenshuise ontwerp in gedagte.

As die uitleg eers geskep is volgens skaal, kan 'n mens begin mooimaak en dit is eers hier waar jy deur die tydskrifte moet begin blaai om idees te kry oor hoe om jou goed uitgelegde vertrek mooi in te kleur. 'n Goeie uitleg is die begin van suksesvolle kreatiwiteit en 'n woonvertrek wat 'n mens gemaklik, kalm en rustig laat voel.

Deel gerus mooi binnenshuise uitleg idees op ons *Wysboek op Facebook*-bladsy. ■



Vir navrae, skakel David Viljoen van Mercury Designs by 011 894 2430 of 082 468 3142, of stuur vir hom 'n e-pos na: [david@mercurydesigns.co.za](mailto:david@mercurydesigns.co.za).



GRAAN SAGRAIN